NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

2 Junie 2019

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. Paastyd 6. **Psalm 97.** *'n Koning ... vir almal en altyd!*
2. **Kleuterkerk** (3-6jr) in die Koffiekroeg en **Kleinkerk** (Gr 1-2) in die sysaal tydens die diens. Kleuterkerk hou ook koekverkoping na die diens by die teetafel op die kuierstoep.
3. **Kategese:** Gr 3-4 (Kamer 1), Gr 5–6 (Kamer 2), Gr 7–9 (Konsistorie), Gr 10-11 (Afdak) nadat hulle die erediens verlaat het.
4. **Welkom! Nuwe lidmate** meld na die diens by die kombuistoonbank aan.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. **Program vir die volgende weke**

9 Jun	Pinksterfees. Nagmaal. Wintersorg 5 – Tutela Koskas. Omgeegroepe
16 Jun	Doop. Skoolvakansie
23 Jun	Ds Rian Steenkamp

2. **Randburg 1944 – 2019:** Die gemeente se 75ste verjaardag word feestelik aan die begin van November gevier. 'n Reëlingskomitee is reeds gevorm en lidmate word uitgenooi om deel daarvan te word. Kom dink en werk saam! Meld asb sommer dié week by die kerkkantoor aan.

VERJAARSDAGWENSE

03/06 Moya van der Merwe
05/06 Madie Brand, Susan Breedt
06/06 Mienke de Leeuw, Mila de Leeuw, Charl Glover, Vearley le Roux
07/06 Nestor Arlow, Zinade Drake
08/06 Anja de Bruyn, Zelda Hertz, Elrita van den Berg

BYBELPROJEK

Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R50** beskikbaar vir verspreiding deur lidmate. Lidmate kan spesifiek bydra tot hierdie subsidie-fonds maar word ook opgeroep om voortdurend bewus te wees van geleenthede waar hierdie "*goedkoper*" Bybels aan **verskillende groepe mense versprei kan word.** Verskeie vertalings is beskikbaar. Kontak vir Zelda Hertz (082 873 6458).

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Rina Vogel** (076 313 3817), **Dolf van den Berg** (011 886 0843), **Sannie van Dyk** (011 475 0271), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Casper en Beth Spies** (011 787 2109), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hennie van der Schyff** (082 457 8871) en **Johan Kemp** (072 085 1222).

2. **Operasies en gesondheidsprobleme:**
   - **André Cloete** (082 446 7606) herstel na 'n operasie waarin 'n gewas verwyder is.
   - **Piere le Roux** (083 231 0107) herstel van 'n knie-vervanging.
   - **Annie Oosthuizen** (067 031 1645) herstel steeds van 'n operasie en verskeie terugslae
   - **Annakie van Zyl** (084 043 3069) en **Hein Smit** (078 408 5318) herstel tuis na behandeling.
   - **Alta van Niekerk** (082 774 1464) ontvang intensiewe terapie.
   - **Rita de Lange** (083 415 5655) se dogter **Sloan** ontvang steeds intensiewe behandeling.
   - **Kosie en Christine Loots** (083 654 7678) se seun **Henno** is chroniese siek met 'n lewerkwaal.

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word: of SMS aan 082 570 4309.

Gebedskandelare teen die muur langs die groot ingangsdeure bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief*kers wil opsteek. Daar is ook versoek-kaarte wat ingevul kan word om spesifieke voorbidding te vra.

5 WEKE VAN WINTERSORG

Week van 2 Junie - TUTELA Koskas

Tutela Linden op ons voorstoep kry daagliks versoeke vir 'n kospakkie – hetsy vir 'n gesin wat hulle ondersteun of 'n honger swerwer wat aan hulle deur klop vir hulp. Ons maak hierdie week voorraad bymekaar vir hierdie besondere projek. Enige nie-bederfbare voedsel is welkom. Hoe groter die verskeidenheid – hoe beter kan hulle in die behoeftes van mense voorsien. Sondag 9 Junie is Nagmaal – wat 'n besondere dag om 'n massa kos vir honger mense te kan bring!

GEMEENTE KUIER … PROE-PROE – 7 JUNIE 2019 – 18:30

Baie dankie vir al die geregte … daar is laaste kans om nog iets aan te bied. Sommer by die tafel in die portaal. **Koeponboekies** (10 koepons @ R50) is vandag in die portaal te koop of bespreek dit deur die week by die kerkkantoor.

Ons begin 18:30. Bring eie drinkgoed en glase. Koepons kan ook vir beperkte voorraad wyn gebruik word. Nooi die vriende en kuier lekker!

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 2 Junie – Psalm 97

Stil word en aanbidding: Gesels met mekaar oor julle ervaring van die viering van Hemelvaart en die betekenis daarvan vir julle as Jesus-volgelinge. *Hoe lyk 'n lewe van blydskap*? Dink na oor die gedagte dat God jou al voor die skepping liefgehad het.

Woord: Die boek Psalms in die Bybel, word in vyf bundels onderdeel: Ps. 1-41; 42-72; 73-89; 90-106 en 107-150. Die vierde bundel van die Psalmboek (Ps. 90-106) vertel van God wat reg deur al die eeue getrou gebly het aan Israel, ondanks die ontrouheid en ongehoorsaamheid van die Dawid-koningshuis en die volk. Die liedere fokus verder op die feit dat ons selfs in tye van swaarkry, soos die ballingskap, vreugde in die Here kan vind vanweë die feit dat Hy as die Koning oor die hele aarde regeer. Die Here se koningskap word op 2 maniere in Ps. 97 beskryf: eers in beeldryke taal as 'n kosmiese gebeure beskryf (*die aarde juig, die afgeleë eilande is bly; wolke en duisternis omring Hom, vuur gaan voor Hom uit; sy weerligstrale verlig die wêreld; berge smelt soos was voor Hom*); tweedens word die Here se koningskap beeldryk as 'n kommunikasie gebeure beskryf (*die hemel verkondig Sy geregtigheid sodat al die volke Sy majesteit kan sien*). Lees Psalm 97 aandagtig deur.

Gesprek

1. Wat is die hooftema van die psalm? Watter terme word gebruik om te wys hoe God regeer?
2. Die Psalm begin en eindig met blydskap. Gesels oor die idee van blydskap. Wat is die rede vir blydskap in die psalm? Praat met mekaar wat dit beteken om soos vers 12 sê: "In die Here bly te wees." Waardeur word dit bepaal?
3. Die Psalm is 'n oproep tot blydskap en vreugde – vir die eenvoudige rede dat die Here reg sal laat geskied. Maar dis meer as net dat Hy sal kyk dat dinge reg loop, die vreugde lê ook in die feit dat die Here magtig en sterk is. Dit is juis in hierdie mag wat ons troos is. *Vertel vir mekaar van 'n tyd van vertwyfeling in jou lewe en watter troos daarin geleë is dat die Here steeds regeer.*
4. Probeer julle indink in die omstandighede van die volk in ballingskap en dat hierdie psalm in verse 10-12 vir hulle nuwe moed en hoop wil gee. God ontferm Hom en sien om na sy weerlose kinders wat slagoffers van geweld, uitbuiting en onreg is (vers 10) en dat die Koning uiteindelik reg sal laat geskied. Hoe moet Jesus-volgelinge in die tyd na Pase en Hemelvaart leef, wetende dat Jesus regeer?

Doen dinge: As gelowiges behoort ons prioriteite in lyn te wees met God se prioriteite van reg en geregtigheid. Hoe lyk dit as reg en geregtigheid ons prioriteit word? Dink aan voorbeelde van onregverdigheid, onreg en ongeregtigheid in julle omgewing. Maak 'n lys van maniere waarop julle regverdigheid, reg en geregtigheid in julle omgewing kan najaag.

Afsluiting: Bid vir mekaar ... dat ons getrou sal wees as Jesus se getuies in ons elke dag-lewe.



SNUFFELGIDS

1. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
2. **Moedeloos met gesondheid?** Ozone behandeling. Fat Freezing. Kontak 066 232 0942 of www. mwellness.co.za.
3. **Just Bee-Coz Creations:** Kontak ons gerus vir enige funksie se dekor. Van troukaartjies tot kinderpartytjies. Geskenkies en vele meer. Anna Meeding - 079 494 6155.
4. **Herstelwerk:** Enige bestaande of nuwe huise/besighede, verbeteringe, herstel en opknappingswerk. Ons doen ook elektriese installasies, loodgieterswerk, palissades en motorhuisdeure. Skakel Marius by 082 481 4863 vir verdere navrae.
5. **Koop jy huis? Doen jy veranderinge aan jou huis?** Dan het jy hierdie boek nodig. Alles wat jy moet weet! Kontak Albert van Wyk - 083 375 6789 of www.proudhomeowner.co.za.
6. **Te huur:** Moderne ruim tuin woonstel vir R6 950 pm, eie parkering, veilig, swembad, internet. Sentraal geleë, ten volle gemeubileer. Kontak 082 920 6163 vir navrae.
7. **Beskikbaar:** Vakansiehuis in Marlothpark (grens aan die Krugerwildtuin) oor naweke of langer. Kontak Inez Steyn (082 684 4339) vir navrae.
8. **Ekstra Wiskunde klasse:** Martha Straat (Noord), Moret, Randburg. Kan enige graad help van Gr. 1 - 12. Afrikaans of Engels. R250 per uur, per kind. Ria van den Tillaard, 072 202 7563.
9. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
10. **Gesoek:** 1 Slaapkamer tuin woonstel met veilige parkering. Skakel Hugo - 082 407 2181.
11. **Tyddeel-week** te Umzumbe, Natal Suidkus 16 - 23 Aug. Kan 6 mense akkommodeer. Skakel Inez Steyn - 082 684 4339.
12. **Rekenkundige dienste en belasting praktisyn:** Wye verskeidenheid funksies beskikbaar. Skakel 079 383 6184 of e-pos: dspringle@mweb.co.za

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Laai die toepassing (app) met die selfoon se *App Store* af of besoek www.GetSnapScan.co.za

tuisblad.